

NGB ART 12: GOD SE TROOS VIR MIDDELEEUSE MENSE – EN VIR ONS VANDAG. 'N ALTERNATIEWE LESING

KONTEKS EN MOTIEF VAN ARTIKEL

Die **historiese konteks** van hierdie artikel was die intense stryd en vervolging deur die Rooms-Katolieke Inkwisisie en die doel van hierdie geskrif was om die koning van Spanje en sy Nederlandse regent te oortuig van die Gereformeerdes se regsinnigheid.

Dit is onmoontlik om enige geskrif los van sy kulturele en historiese konteks te verstaan. Daarom wil ons ook moeite doen om dit te begryp alvorens ons die boodskap daarvan vir ons eie tyd sal probeer verstaan.

Die onafwendbaarheid van die hermeneutiese sirkel geld ook hier: niemand lees 'n teks met 'n skoon lei nie. Elkeen kom met 'n sekere voorverstaan, anders is nuwe verstaan nie moontlik nie. Hermeneutiese lees word altyd deur twee gevare bedreig: die beklemtoning van die vreemdheid of oudheid van die teks op so 'n wyse dat dit geen invloed op ons verstaan uitoeven behalwe om dalk nuwe inligting toe te voeg tot ons reeds bestaande kennis nie; die ander gevaar is dat ons voorverstaan so oorheersend is dat ons die ander teks slegs absorbeer in ons eie verstaan. Ons moet ons afvra of die hermeneutiese model voldoende is om te beskryf wat plaasvind in ons ontmoeting vanuit ons eie kultuur met die Skrif en geloofsbelydenisse van die kerk.

Die Skrif self getuig veelvuldige kere hoe onpeilbaar en onverstaanbaar hierdie boodskap is en hoe onmoontlik dit vir die wysheid van hierdie wêreld is om dit te aanvaar; die radikale diskontinuiteit van alle menslike wysheid, selfs die mees insiggewende kennis, en **die openbaring van God in sy Woord**. Jesus se harde woorde is hier van toepassing: indien God nie aan 'n mens insig in sy Woord gee nie, sal dit in hom of haar slegs blindheid en hardheid van hart veroorsaak (Mark 4:11,12). Sonder die verligting van die Gees is die prediking van die evangelie vir die ongelowiges 'n struikelblok of dwaasheid – ondraaglik of onbegryplik (1 Kor 1:5,26). Volgens Lesslie Newbigin beteken dit dat die hermeneutiese sirkel onvoldoende is om hierdie verstaan te verklaar: dit is 'n kloof wat oorbrug moet word. Daar is nie totale diskontinuiteit nie.

In Einstein se fisika het Newtoniaanse wette steeds geldingskrag vir groter liggame wat stadig beweeg. Newton se fisika geld steeds vir meganika. Om diskontinuiteit tussen oud en nuut raak te sien, is nie oorgawe aan irrasionaliteit nie. Van een kant is daar net 'n kloof, van die ander kant sien mens 'n brug. Thomas Kuhn se *The Structure of Scientific Revolution* maak volgens Newbigin duidelik dat wetenskaplike ontdekkings nie plaasvind deur stap vir stap ontdekkings binne voormalige voorveronderstellings nie. Dit ontspring vanuit 'n nuwe visie wat dikwels bekering vra om die nuwe paradigma te aanvaar.

So kan Paulus die Fariseër Jesus slegs sien as saboteur van die wet. Paulus die Christen sien die wet as leermeester wat hom na Christus bring, en Christus as die vervulling van die wet (Newbigin: 51–53). Hierdie hermeneutiese beginsels geld ook vir die lees van ons belydenisskrifte: ons moet oop wees vir die volgende sake:

1. Die **NGB is 'n Renaissance-geskrif** wat soos Luther teruggryp na die oorspronklike dokumente verby 1500 jaar se tradisie, en word daarin 'n model vir latere wetenskaplike maniere van omgang met historiese dokumente en die lees en verstaan van literatuur in die algemeen.
2. **Ons moet oop wees** dat hierdie belydenis **ons voorverstaan** ingrypend kan vernuwe en verander – ook in terme van ons verstaan van God se skepping en instandhouding van die engelewêreld en sy oorwinning oor die mag van die bose geeste.
3. **Ons moet ons vooropgestelde uitgangspunte op die tafel sit.** Die rede waarom baie teoloë die waarheid en werklikheid van engele ontken, ook van bose geeste, is hulle uitgangspunt dat dit die oorblyfsel is van 'n bygelowige en voorwetenskaplike gedagte-wêreld (Plantinga. *A Place to stand: A study of ecumenical creeds and reformed confessions*, p 60).

Die **ooreenstemmende sake** uit die NGB met die Katolieke leer (al is daar ook aksentverskille) is die leer van die Skrif en die natuur (God se openbaring deur Skrif en natuur), die leer van die Drie-eenheid, die leer oor God die Vader se skepping en voorsieningheid en die leer oor Christus as Middelaar en sy verlossingswerk en die Heilige Gees as Gees van Vader en Seun.

Die **groot verskil** is volgens Jonker die siening hoe die heil van God ontvang word. Die grondmotief van die Katolieke teologie is dat die heil verkry word deur die sakramentele verheffing van die mens tot bonatuurlike volkomenheid waardeur die mens dan in sigself die ewige heil waardig word. Die kerk as sakramentele

heilsinstituut bemiddel die heil deurdat die ingestorte genade wat deur die sakramente meegedeel word, die mens innerlik vernuwe, mits hy daarvan gebruik wil maak en daarmee saamwerk. Daarin sit die element van verdienstelikheid (*Bevrydende waarheid*, p 26,27).

Die **groot ontdekking** van die Reformasie was die **Woordkarakter van die heil**. 'n Mens adem 'n totaal ander atmosfeer as jy uit hierdie religieuse denkwêreld oorstap na die reformatoriese verstaan van die heil as 'n vrye genadegawe van God wat Hy aan die sondaar skenk, sonder enige verdienste aan sy kant. Die Woord kom na die mens met die belofte van God. Nie die sakramente nie, maar die gepredikte woord word vir de Reformasie die eintlike heilsmiddel. Dit is die geval omdat die Woord en die Gees ten nouste aan mekaar verbonde is. Dit is 'n dogma-historiese novum.

Die **sola Scriptura** wys daarop dat die tradisie nie gelyke gesag met die Skrif dra nie; dit relatiewe die gesag van die kerk en die pous, en wys daarop dat die Woord die enigste heilsmiddel is. Daarmee het die kerk van die reformasie hulle losgemaak van die natuurlike religieusiteit en hulle in die lig van God se heil in die Skrif gestel. 'n Aangrypende bevryding het hiermee plaasgevind. Die hele karakter van die kerk het verander. Die kultiese gewaad van die kerk het afgeval. Die altaar het plek gemaak vir die preekstoel en die nagmaalstafel. Die priester is vervang met die bedienaar van die Woord. Die rituele het plek gemaak vir die prediking en die lofsang van die gemeente. Die kerkgebou het die karakter van 'n skemerige en bewierookte tempel verloor om die vergaderplek vir die vrolike gemeente van God te word (Jonker, *ibid* p 28, 29).

Hierdie bevryding vind ook plaas tov die bevryding van die Middeleeuse vrees vir die mag van die duiwel en sy engele. HK Sondag 1 getuig van die troos wat ons verseker dat ons uit alle heerskappy van die duiwel bevry is.

In Artikel 12 word daar weereens ooreenstemming gevind met die algemene katolieke geloof in **God se skeppingsmag uit niks**, en sy **getroue sorg** en voorsiening vir sy skepping. Die **geloof in engele, goed en sleg**, was ook 'n algemene katolieke oortuiging tussen Rooms-Katolieke en Protestante.

In hierdie Artikel egter, loop die **paaie weereens skerp uiteen**. Teenoor die verskrikking en **vrees (selfs angs) vir die duiwel** en sy hele ryk van bese geeste wat in die prediking van die Middeleeuse Katolieke Kerk sentraal gestaan het, wil hierdie Artikel dit duidelik maak en bely dat God alles gemaak het. Die engele is aan die mens ondergeskik. Engele is God se dienaars wat Hy afgesonder het om die mens te dien sodat die mens sy God kan dien.

Die kerngedagte van Artikel 12 is diens. In ons tyd het hierdie woord negatiewe gewig gekry, maar Artikel 12 bely God het mense gemaak om Hom te dien, en sy krag is op sy beurt daar om die mensheid te dien, sodat ons God met oorgawe kan dien. Ook engele is daar om die uitverkore mense van God te dien sodat ons God as Skepper beter kan dien.

Die **heerskappy van die mens** oor God se skepping (vgl Ps 8) word dus ook hierin bely. God het mens geword, nie om die mens te vergoddelik nie, maar sodat die mens weer mens kan word (Anselmus van Canterbury).

Die **kwaad** kan ook **nie as oermag** gesien word los van God nie. Die bese magte word beskryf – na aanleiding van twee tekste, nl. 2 Petrus 2:4 en Judas 6, as gevalle engele. Dit wys op hulle ondergeskikte gesag en beperkte mag. Teenoor die **Manicheërs** se siening dat die bese 'n oermag is wat los van God bestaan, word die belydenis dat alles uit, deur en tot God is, en dat alle sienlike en onsienlike dinge deur Hom geskape is, ronduit bely (Kol 1 en Rom 8).

Vir gelowiges is dit 'n geweldige troos. Die Bese is nie 'n anti-goddelike mag wat op dieselfde vlak as God is en wat maak dat die uitslag van die stryd tussen God en die Duiwel onseker is nie. Teenoor die **Sadduseërs**, wat al in Jesus se tyd ontken dat daar 'n opstanding uit die dood sal plaasvind, of dat daar engele of bese geeste bestaan (bv. Hand 23:8), praat Jesus dikwels oor die engele en beleef Hy engele se troosryke teenwoordigheid.

Engele is op die voorgrond by sy geboorte, Jesus word versterk in Getsemane deur 'n engel, na sy opstanding word sy oorwinning aangekondig deur engele, en sy hemelvaart en wederkoms word met engele verbind. Die skare van engele voor God se troon is verseker ook nie maar net beeldende taal of metafore nie, maar is 'n feestelike samekoms waarin hierdie besondere wesens God prys en eer en dien (Heb 1, 12:22; Op 4, 5, 7 en elders).

Jesus praat ook dikwels oor die duiwel en sy magte en beskryf die Bese op baie verskillende maniere, bv as owerste van die wêreld. Dit is duidelik dat Jesus en die mense van die vroeë kerk die bese geeste, maar ook

die goeie geeste, sien as werklikhede – as vyande of as helpers. Latere apokaliptiese boeke soos Daniël beskryf die mag van engele en bese geeste of grafiese wyse, en die stryd waarin hulle gewikkel is.

Stephan Joubert skrywe oor Ef 1 dat Christus hoog bo alle mag en gesag gestel word. Dit beteken dat alle magte wat teenoor God staan, reeds onderworpe is aan Christus se gesag. “Die magte wat teenoor God staan, sluit Satan en sy bese magte in. Vroeër was gelowiges in hulle doodsgreep. Deur sy onbeskryflike goedheid het God gelowiges egter uit die greep van hierdie magte losgeruk” (*Ontsluit die Nuwe Testament*, p 375).

Engele speel wel 'n baie groot rol van die vroegste tye af en tree deurlopend op in die Ou Testament sodat al die kerkvaders en gereformeerde vaders daarvoor geskrywe het, en Thomas Aquinas 'n hele angelologie ontwikkel. Volgens hom is engele suiwer geeste sonder liggame.

Calvyn het geleer dat die engele besondere diensknegte van God is wat mense beskerm, God se krag verklaar en sy gawes uitdeel (Inst 1/xiv, 11). Hy was versigtig om te veel oor engele te spekuleer, bv. oor individuele beskermengele. Hy spreek hom skerp uit oor 'n beroemde boek oor engele wat toe gepubliseer is, as “niks behalwe praatjies”. Nuuskierigheid hieroor was vir hom onaanvaarbaar, want ons moet hou by die gegewens wat God in sy Woord aan ons bekendgemaak het.

Die vrees waarmee iemand soos Martin Luther vir die duivel en sy magte grootgeword het, word deur Artikel 12 van die Nederlandse Geloofsbelydenis baie beperk. God is die Almagtige. Uiteindelik word die bese se lot verseël deurdat Christus net 'n woord spreek, en die Satan word in die poel van vuur gegooi. (Vgl. Jan Du Randt. *Die A-Z van Openbaring*).

Indien mense die Ou Testament, soos die Jode, sien as die Bybel en die Nuwe Testament net as 'n aanhangsel, kan sulke idees vir hulle sinneloos klink. Luther het egter die hele Bybel vanuit Christus gelees en die boeke van die Nuwe Testament geoordeel in die lig van *wass Christum treibet*. Die algemene kerklike siening het ook vir hom 'n groot rol gespeel, verstaan as die siening van die wêreldwye protestantse kerk oor die Bybel en die verstaan daarvan vir elke nuwe tyd.

Baie dele van die Ou Testament is geskrywe in die intertestamentêre tyd waarin daar baie kontak tussen Israel en die omringende lande was. Alhoewel daar ooreenstemming is tussen sommige godsdienstige geskrifte en die Bybel, bv. oor die skeppingsverhale, die bestaan van bese geeste, ens is dit duidelik dat dit in die lig van die God van die Bybel as Vader, Seun en Gees heel anders gesien en beoordeel word.

Ook die Jode het aan demone geglo en in hulle apokaliptiese literatuur is dit baie duidelik. Die vraag is of die Babiloniese en ander groepe nie hulle siening van die duivel en demone van die Joodse apokaliptiek oorgeneem het nie?

En ja, Jesus was mens van sy tyd, maar ook tegelyk, Seun van God wat kom van die boesem van die Vader en Hy kom die Vader se heilsplan aan ons openbaar. Jesus maak egter ook meer dinge aan ons bekend, soos die werklikheid van engele en bese geeste. Hy sien die bese as realiteit en ons sien hulle uitwerking in die lewe van iemand soos Legio. Maar ons sien ook die werklikheid van hierdie bese geeste in die varke wat in die see stort en verdrink. Daar is baie moontlike betekenisduidings, ook oor die bedreiging van die onrein Romeine en hulle magte, maar dit bly steeds waar dat hierdie varke nie maar toevallig besluit om hulleself te verdrink nie, maar dat hierdie bese geeste oor die mag beskik om selfs hierdie varke na hulle dood te stuur (binne Jesus se toelating).

Die troos van die NGB is tasbaar en voelbaar, net soos die Skrif se verhale oor Jesus wat die duivel se versoeking weerstaan en sy valse skrifgebruik weêrlê deur die Skrif in konteks aan te haal – net soos ons troos vind uit al die verhale van duiweluitdrywing en ons vandag as gelowiges mag weet dat Jesus elke siekte en kwaal kan genees.

Plantinga vra 'n krities-belangrike vraag: “Het die Bybelse mense engele as vanselfsprekend aanvaar? Het hulle ontmoetings met hemelse wesens van aangesig tot aangesig verwag?” Sy antwoord is eenvoudig en duidelik: “Nee. Hulle het net so gereageer op engele wat hulle besoek het as wat ons sou. Hulle was bang. Hulle het gebewe. Hulle was verwonderd tegelyk. Vir hulle, nes vir ons, was engele vreemde en onbekende figure. Dit is nie omdat hulle naïef of primitief was dat hulle vertel oor die ontmoeting met engele nie. Dit is omdat die ontmoetings werklik plaasgevind het” (p 61).

Vir die Middeleeuse mense was bese geeste en engele alledaagse werklikhede wat hulle as werklik ervaar het omdat die Skrif daarvan getuig. Die werklikheid van kwaad, van vyandskap, vervolging, haat en moord was vir hulle nie net te wyte aan mense se sondige natuur en selfsug nie, maar hierdie neiging van die mens

word aangehits deur bese magte wat oral in die skepping werksaam is. Vir geen oomblik ontnem dit egter, volgens die belydenisskrifte, mense se eie verantwoordelikheid nie.

Hierdie magte kan alleen in die Naam van Christus oorkom en bestry word, maar dit verklaar ook die ontsettende lyding en ontstellende gebeurtenisse wat mense se lewe in onbeskryflike lyding dompel. Vir geen oomblik dra God die skuld vir hierdie booshede nie, want Hy is die Teenstander van alles wat boos en sleg is.

Hoe moet ons dan as moderne mense dink oor duivel en demone, bese geeste en magte?

As gereformeerdes, verklaar prof C Plantinga, kan ons vandag steeds in Calvyn se voetspore loop deur die bestaan van engele en bese geeste te erken, maar deur versigtig daarvoor te praat.

Plantinga skryf dat sedert die sestigerjare die hoofstroomkerke al hulle geur en kleur verloor het. In krimpende kerke kom mense byeen om te aanbid en God te dien, maar hulle gevoel vir aanbidding het soos mis voor die son verdwyn. Wat mense aangetrek het, het verdwyn. Baie liturje het hulle mense voorgegaan met: "Heilig, heilig, heilig is die Here, die God van die leërskaare, die hele aarde is vol van sy heerlikheid", maar hulle het dit nie meer geglo nie. Geëntimideer deur sekularisme, lamgelê deur 'n identiteitskrisis, in 'n gat omdat hul eer weggeneem is, het baie christenpredikante geleef met die sinkende gevoel: "Ons is alleen".

God sonder sy leërskaare magtige engele asof Johannes se visioene van die hemelse leërskaare maar net 'n droom was.

Teenoor die dwaling van die **Sadduseers** wat die bestaan van die onsienlike wêreld loën, en die **Manicheërs** wat dit oorskat, is die middeweg ook vir denkende mense 'n reële moontlikheid vandag: ons hoef nie te spekuleer oor engele of bese geeste nie. Ons kan net die Skrif se getuienis daarvoor aanvaar en leef uit die troos van Christus se oorwinning oor die magte van die Bese.

Ons sien die effek van die Bese in soveel aaklige dinge wat vandag gebeur, veral in bese ideologieë en haat en verwydering tussen mense, verkragting en oorloë en die hernude opbou van atoomwapens. Dit is net asof mense nie kan omgee vir die vernietiging van die skepping of die toekoms van ons planeet nie, maar net dink aan eie gewin, mag en heerskappy. Hoe dinge ook verander en ons tegnologieë vooruitgaan, die mag van die eie ek word net eenvoudig nie gebreek nie. Intendeel.

Oor die bestaan van bese geeste en engele is daar vir die Bybelskrywers en die skrywers van die NGB 1561 geen kwessie nie. Hulle sien dit as werklikhede en skryf bese gebeure direk toe aan hulle invloed sonder om die mens se eie skuld of verantwoordelikheid vir keuses te misken.

En ons? Baie christene vandag kies vir die opsie van die Sadduseërs deur die bestaan van bese geeste te sien as voor-wetenskaplike verklarings van mense se bese gesindhede, keuses, woorde en handeling. Bese magte is eintlik slegs geëinstitutionaliseerde boosheid, bv. bese media, wetgewing, ideologieë, houdings...

Eietydse gereformeerde christene glo nie dat boosheid slegs te make het met die individu en sy optrede nie. Gebeure soos die vervolging van Jode, apartheid, rassisme en haat vir vreemdelinge kan sulke golwe veroorsaak dat mense bese dat dit buite beheer begin raak.

Om dit daarom as demonie af te maak, of te maak asof mense willose instrumente van die Bese is, is nie die bedoeling van hierdie artikel nie. Ons glo dat die bese geeste en engele 'n rol speel in die wêreldgeskiedenis, maar hoe dit presies gebeur, daarvoor is daar baie ruimte vir gesprek, verskil en debat. Jakobus praat selfs van selfsug as demoniese wysheid en kontrasteer dit teen die wysheid van Bo (Jak 3).

Om bese geeste egter in elke spieël of vreemde kledingstuk of afgodsbeelde te sien en te dink dat die bese hulle intrek in objekte kan neem, is nie Bybels verantwoordbaar nie.

Aanbidding van afgode is volgens Paulus wel aanbidding van bese geeste en daarom glad nie onskuldig nie (1 Kor 10). Gelowiges word daarom ernstig gewaarsku om nie daaraan deel te neem nie.

Die manier waarop God sy kinders beskerm, is nie deur gebede wat elke demoon op aarde probeer bind nie (Jesus het nooit eers sulke gebede gebid nie!), maar deur die wapenrusting van die Gees wat ons elke dag moet aantrek. Die interessante is: Ef 6 gaan nie oor maniere om eksorsisme te beoefen of tegnieke om die bese uit te ken of sataniste se rituele lam te lê of bloedvloeke te keer nie. Nee: die volle wapenrusting is die aantrek van God se beloftes: vergifnis, waarheid, bereidheid om die evangelie van vrede aan boosaards te

bring, en kennis en die gebruik van die Woord van God. Dit is die swaard, die gordel en harnas, asook die helm en borsharnas ... volgens Paulus meer as genoeg!

En Jesus: Hy waarsku sy dissipels dat hulle nie moet bly wees dat die bese geeste hulle aan hulle onderwerp nie, maar dat hulle name in die hemel opgeskrywe is (Luk 10:20).

Die eintlike vraag is: as ons die Bybel as “wetenskaplike mense” lees na 1630 – na Galileo – en by voorbaat dink dat die duiwel en bese geeste nie bestaan nie, waarom behou ons nog vir God? Waarom glo ons nog in God as iemand as Vader, as Vriend, as Verlosser, as Persoon (hoe ons Persoon ookal beskryf: as Bopersonlik, as meer as persoonlik, as oneindig groter as wat ons ooit kan besef, want God woon in ontoeganklike lig – of duister lig volgens Ruusbroeck – verblindende lig wat tog die suiwerste van alle lig is...)? Hoe sal ons ’n Ding of Mag (*The Force be with You* - van Star Wars) of iets kan liefhê met ons hele hart en siel en al ons krag? Wie sal dan kan sê of die Jode se idee van een God nie dalk van Plato se goddienskritiek op die Griekse panteon van gode afkomstig is, of van Aristoteles nie? Hoe ver vat die sg “wetenskap” ons van hier af verder?

En as die kriterium dan is wat reeds in die Ou Testament dikwels voorkom, beteken dit dat Jesus, ook maar net as mens van sy tyd, spekeer oor die ewige lewe? Of oor God se oordeel?

Volgens Jan Du Rand verloën Christene die Christendom deur die grondwaarhede te bevraagteken – as hulle bv. Christus se opstanding nie meer as uitroepeteen nie, maar as vraagteken sien (ibid 435).

Die vorige Algemene Sinode het toestemming gegee vir die versorging en behandeling van mense wat van demone besete is – met baie goeie riglyne en voorbehoude. Dit moet deel wees van ons algemene getuieis en bediening as Christengelowiges. In die Ons Vader-gebed bid ons immers om bewaar te word van die Bese, soos Jesus ons geleer het.

Die kernsaak wat iemand Christen maak, is ons geloof in Jesus Christus as die weg, die waarheid en die lewe. Om te twyfel aan die bestaan van bese geeste maak nie van ’n persoon ’n ongelowige nie.

Daarvoor het die vorige Algemene Sinode ruimte geskep. Die belydenis trek egter ook grense en het duidelik die grens getrek vir gereformeerde gelowiges om in die vreugde van Christus se oorwinning te leef, maar om ook nie die mag van ons geestelike vyande te onderskat nie. “Ons stryd is immers nie teen vlees en bloed nie, maar teen die regeerders (*tas archas*), teen die gesag (*exousiais*), wêreldmagte (*kosmokratras*) – dalk die magte van politiek, militêre mag en geldmag soos Rome? Maar ook teen die (*ta pneumatika tes ponerias*) die slegte geeste van die hemelse wêreld (*en tois ouraniois*) (*The spiritual forces of evil in the heavenly places*). Die hoofdiskoers in die NG Kerk is dat engele en bese geeste werklikhede is en dat ruimte vir twyfelaars gegee word wat aan Christus vashou en die bese anders verstaan, maar die indruk moenie gewek word asof die oorgrote meederheid van gelowiges of leraars hierdie standpunte onderskryf nie. Daarmee saam kan ons vir mekaar verseker van ons strewe om in liefde na mekaar te bly luister en saam vir God, die Almagtige Vader, met oorgawe te dien met die krag wat Christus ons deur sy Gees verleen.

Soli Deo gloria
Dr. DJ Malan